Hoërskool Sand du Plessis

POSBUS 32015
FICHARDTPARK
9317

PASTEURRYLAAN
BLOEMFONTEIN

☎ 051 522 4071
admin@sannies.co.za

13 Maart 2020

Geagte Sanniesouers en -voogde

ENTREPRENEURSDAG – 6 MAART 2020
Baie dankie vir elke ouer/voog en leerders wat 'n bydrae gelewer het tot hierdie pragtige dag ! Hierdie projek is uniek aan Sannies en ons moet dit koester. Graag bedank ons al ons borge, Standardbank spesifiek, vir hulle ondersteuning.

SKOOLREKENINGE
Die Beheerliggaam het 'n besluit geneem dat leerders wie se ouers se skoolgeldrekeninge nie op datum betaal is nie, nie hulle rapporte self mag ontvang op Vrydag 3 April nie. Die ouers sal die rapporte by die kantoor moet kom kry nadat alle agterstallige skulde vereffen is of 'n skritelike afbetalingsooreenkoms onderteken is.

Die betaling van skoolfonds is 'n wetlike verpligting wat op elke ouer/voog rus wat 'n kind in ons skool het. Die kwaliteit van u kind se onderrig hang direk af van die gereelde betaling van skoolgelde. Die skool se uitgawes vir die eerste twee maande van die jaar was reeds meer as R 1 miljoen. Ons begrote uitgawes vir 2020 is R 8.6 miljoen. Die Departement van Onderwys se subsidie aan die skool is slegs R 250 000 (3% van die begroting) vir die jaar. Ons het elke ouer se bydrae nodig, selfs die wat kwalifiseer vir skoolfondsvrystelling. Die skool kry slegs 'n baie klein persentasie van die Departement van Onderwys terug vir leerders wie se ouers skoolfondsvrystelling ontvang. Die Beheerliggaam sal verplig wees om ernstige snitte aan die begroting te maak indien ons ouers nie hulle verantwoordelikheid om skoolfonds te betaal nakom nie, insluitende uit dien stel van onderwysers, kanselering van sportbyeenkomste, noodsaaklike instandhoudingswerk, busroetes, ens.

U nuutste skoolrekening is aangeheg vir u dringende aandag. Ek versoek dat alle uitstaande bedrae dringend betaal moet word om regstappe te vermy.

BAIE DANKIE AAN ALLE OUERS WAT GETROU HULLE FINANSIËLE VERPLIGTINGE NAKOM.

BETALING VAN SKOOLFONDS MET BEHULP VAN SAMBA
Samba is al vir baie jare 'n betroubare en uiters goedkoop betaalkaart wat deur duisende Bloemfonteiners gebruik word vir maandelikse aankope. U kan nou ook u kind se skoolrekening maandeliks vereffen met behulp van u Sambakaart. U gaan dan 'n bonus op hierdie betaling verdien wat aan die einde van die jaar teen u November Sambarekening gekrediteer word. U kan ook onder andere korttermynversekering asook voertuigfinansiering deur middel van Samba bekom teen uiters mededingende pryse. Ons skool gebruik al reeds Samba vir baie jare vir aankope deur die skool.

Vind aangeheg 'n advertensie van Samba waarop u per sms kan reageer om aan te sluit.

DREAM BIG BOEKIES
Alle onverkoopte Dream Big boekies en gelde moet asseblief teen Woensdag, 18 Maart ingehandig word.

DIY DIESELPROJEK
Ons herinner u graag aan hierdie mooi projek. DIY Superstore se diesel is heelwat goedkoper, soveel as R 2/liter, as die meeste ander vulstasies in Bloemfontein. Ons het reeds aan alle leerders DIY Dieselkaarte uitgedeel. Die skool ontvang 10 sent/liter as u diesel ingooi by DIY Superstore en hierdie kaart aan die petroljoggie toon.

50 JAAR FEESVIERINGE

Die eerste twee geleenthede is reeds agter die rug en ons sien baie uit na die volgende geleenthede, naamlik:

8 Mei:	Itec Gholfdag te Schoemanpark
9 Mei:	Akademia Damestee met die bekende aktrise Simoné Pretorius (Nortmann) van bekende TV reekse soos Binnelanders en Hotel.
3-6 Aug:	Revuefees
4-5 Sep:	50 jaar Reünienaweek

ITEC – SAND DU PLESSIS GHOLFDAG – 8 MEI 2020 TE SCHOEMANPARK GHOLFKLUB

Ons jaarlikse Gholfdag is weer om die draai. Die sukses van die dag word grootliks bepaal deur 'n maksimum aantal spelers en borge by elke putjie en aantreklike pryse vir die deelnemers. Ons het verlede jaar 'n pragtige wins van R69000 gemaak. Ons doelwit vir vanjaar is R80 000. Ons versoek dat u nou reeds vir ons sal help om genoeg borge, pryse en spelers vir die dag te werf. Die kostes is as volg:

- 'n Vierbal: R 1000 wat 'n ligte middagete insluit
- Borg van 'n putjie/bof: R 1200

AKADEMIA DAMESTEE MET SIMONÉ PRETORIUS (NORTMANN) - 9 MEI 2020 IN SKOOLSAAL

Ons is baie opgewonde oor vanjaar se Damestee! Koste is R100 p.p.

MNR EN MEJ SANNIES – 8 APRIL 2020 (17:30 VIR 18:00)

Ons nooi u hartlik uit na hierdie spoggeleentheid waar ons seuns en dogters gaan pronk op die verhoog.
Koste is R25 p.p.

PRESTASIES VAN LEERDERS

- **DISTRIK VRL:** Ons hoofdogter, Xenadeen Maasdorp is verkies tot ondervoorsitteer vam die uitvoerende komitee van die Motheo Distrik VRL raad en ons hoofseun, Keanu Cameron is verkies as addisionele lid.
- **ATLETIEK:** Baie geluk aan die volgende leerders met hulle prestasies by die Vrystaat Hoërskole Atletiek kampioenskap:
    - Louis Steyl: Derde in seuns 0/16-spiesgooi
    - Baka Matjole: Sesde in seuns 0/19-hoogspring

CORONA (COVID-19) VIRUS

Almal is baie bekommerd oor hierdie gevaarlike virus. Graag beveel ons die volgende voorsorgmaatreëls aan vir ons leerders, ouers en onderwysers se gesondheid:

- Vermy fisiese kontak met ander persone.
- Moet nie met jou hande aan jou mond of gesig vat nie.
- Was hande gereeld met 'n goeie kwaliteit seep.
- Hou u kind eerder by die huis indien hy/sy koorsig voorkom.
- Stel die skool dadelik in kennis indien u kind of enige persoon waarmee hy/sy in kontak was positief getoets het vir die Covid-19 virus.

BELANGRIKE DATUMS VIR 2020 REEDS BESKIKBAAR

20 Maart:	Skole sluit
31 Maart:	Skole heropen
3 April:	Rapporte word uitgedeel
6 April:	Oueraand: 17:30-19:00
8 April:	Mnr en Mej Sannies
22 April:	Ope-aand vir nuwe leerders
8 Mei:	Itec Gholfdag
9 Mei:	Damestee met Simoné Pretorius (Nortmann)
18 Mei:	Gr 10-12 Eksamen begin (Voorlopig)
25 Mei:	Gr 8-9 Eksamen begin (Voorlopig)

Hartlike Sanniesgroete.

.....

Willem du Buisson
Skoolhoof